22.3 RAPPORT 3: DEPUTATE LITURGIESE SAKE EN OPDRAG, KO, ART 69 – KEURING VAN PSALMS, SKRIFBERYMINGS, BELYDENISLIEDERE EN ANDER GEESTELIKE LIEDERE (Artt 94, 274)

A. Dr EJ Smit lewer die Rapport.
B. **Besluit:** Punt 2.2.6 word verwys na Kommissie Liturgies.
C. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
D. Ds J Malan rapporteer namens Kommissie Liturgies oor 2.2.6.

E. **RAPPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Opdrag*: Acta 2009:743, 5: "Die Sinode moedig kerke, waar ander praktyke gevolg word (kyk 3 hierbo), aan om Psalms, Skrifberymings en ander geestelike liedere aan die Deputate voor te lê vir beoordeling deur die volgende Sinode."

1.2 Vanaf enkele kerke en lidmate is versoeke ontvang om liedere uit die Liedboek van die Kerk as Skrifgetroue liedere te beoordeel.[1]

1.3 In die lig van die feit dat die Deputate eers 'n omvattende beginselraamwerk waaraan liedere getoets kan word moes opstel, kon die Deputate nie al die liedere wat aan hulle voorgelê is keur nie.

1.4 'n Aantal liedere is wel deur die Deputate aan die hand van die voorgestelde omvattende beginselraamwerk (kyk Rapport 2: Deputate Liturgiese Sake en Opdrag KO, art 69, 2.1-2.5) getoets.[2]

1.5 Die Deputate het die liedere wat hulle aanvanklik goedgekeur het, aan prof CFC Coetzee en prof JH van Wyk voorgelê om die dogmatiese suiwerheid daarvan na te gaan. Behalwe vir enkele liedere waaroor daar vrae was, is daar bevind dat die liedere dogmaties suiwer is.[3]

1.6 Ten opsigte van alle liedere waaroor daar vrae was (hetsy in die aanvanklike keuringsproses deur die Deputate of deur die twee dogmatici aan wie die gekeurde liedere voorgelê is), het die Deputate besluit dat daar weer na hierdie liedere gekyk moet word en hulle vir eers nie goedgekeur word nie. Die rede was dat die Deputate nie tyd gehad het om behoorlik daarop in te gaan nie.[4]

1.7 Voortspruitend uit bogenoemde proses, nadat die Deputate deeglik aan elke lied aandag gegee het, beveel die Deputate een nuwe Skrifberyming (soos aanbeveel in 2.1 hieronder) en 18 Skrifgetroue liedere (soos aanbeveel in 2.2 hieronder) vir gebruik in die eredienste van die GKSA aan.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.7.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 Die volgende Skrifberyming word deur die Deputate aanbeveel vir gebruik in die eredienste van die GKSA, aangesien dit aan al die vereistes vir 'n Skrifberyming voldoen:[5]

---

[1] Besonderhede van die versoeke wat ontvang is, is in ongepubliseerde Bylae A.

[2] Besonderhede van watter liedere deur die Deputate aan die hand van die voorgestelde omvattende beginselraamwerk getoets het, is in ongepubliseerde Bylae A. Besonderhede van die bespreking oor elke lied is ook in ongepubliseerde Bylae A.

[3] Besonderhede van die kommentaar wat vanaf genoemde twee dogmatici ontvang is, is in ongepubliseerde Bylae A.

[4] Besonderhede van watter liedere vir eers nie goedgekeur is nie en weer na gekyk moet word, is in ongepubliseerde Bylae A.

[5] Besonderhede van die bespreking en bevinding oor hierdie voorgestelde Skrifberyming is in ongepubliseerde Bylae A.

2.1.1 Want so lief het God die wêreld gehad



Die Liedboek van die Kerk: Lied 329.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 Die volgende Skrifgetroue liedere word deur die Deputate aanbeveel vir gebruik in die eredienste van die GKSA, aangesien dit aan al die vereistes vir 'n Skrifgetroue lied voldoen:[6]

2.2.1 Soos 'n wildsbok



Die Liedboek van die Kerk: Lied 163

[6] Besonderhede van die bespreking en bevinding oor elke lied is in ongepubliseerde Bylae A.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.2 Heilig, heilig, heilig



2. Heilig, heilig, heilig, Heerser vir ewig;
groot is u Naam – U die Vader, Seun en Gees.
Grote God, ons eer U, met u hele skepping.
U wat in liefde God regverdig is.

3. Heilig, heilig, heilig, Heer, so weldadig,
groot is u guns, want U buig U tot ons neer!
Heilig, heilig, heilig, magtig en genadig.U wás en ís en sál vir ewig wees.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 169

Besluit: Goedgekeur.

2.2.3 Grote God, aan U die eer



2. In genade, groot en ryk,
bou U, Heer, u koninkryk.
Voordat ek kon kies, kon vra,
het u Seun my vloek gedra.
Ek kon vind: U't my gekry
voor ek nog my skuld bely.

3. U, oor alles God en Hoof,
open oë van geloof
dat ons sien, geen goed of kwaad
word aan toeval oorgelaat:
Bokant ons begrip, verstand,
hou U al wat is in stand.

Liedboek van die Kerk: Lied 190

Besluit: Goedgekeur.

2.2.4 <u>"God is liefde!" juig ons harte</u>



2. Hy wat eerste liefgehad het,
het in liefde ons vergeef –
nou kan ons, uit God gebore,
uit dié bron van liefde leef!

3. Deur sy Gees, die wondergawe,
laat Hy wederliefde spruit;
en dié liefde – wat volmaak is –
dryf die vrees en selfsug uit.

4. As die Vader in sy liefde
dan die sondaar maak tot kind,
mag sy Seun al meer gestalte
in ons doen en late vind!

Liedboek van die Kerk: Lied 334

Besluit: Goedgekeur.

2.2.5 <u>Stille nag, heilige nag!</u>



2. Stille nag, heilige nag!
Hemelvors, ons gee ag
op die lied van die engelekoor.
Herders het dit die eerste gehoor:
Juig, die Redder is daar!
Juig, die Redder is daar!

3. Stille nag, heilige nag!
Jesus, Heer, voor u mag,
voor u ryk moet die duisternis swig;
tot in ewigheid bly U die lig –
Heer, gebore vir ons!
Heer, gebore vir ons!

Die Liedboek van die Kerk: Lied 348

Besluit: Goedgekeur.

2.2.6 <u>Die Heiland is gebore</u>



2. Die Lig kom na die wêreld
in Jesus Christus, Heer.
Uit liefde vir die mensdom
daal Hy as dienskneg neer.
So lief het God die wêreld,
Hy gee vir ons sy Seun –
só word Hy ons Verlosser,
ons Middelaar en Steun.

3. Wie glo in Jesus Christus,
word nou sy eiendom.
Hy gee die reg tot kindskap
aan dié wat glo in Hom.
Juis daarom juig ons harte
opnuut dié Kersfeestyd:
Ons Heiland is gebore –
vertel dit wêreldwyd.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 353

Besluit: Verwys na Kommissie Liturgies.

2.2.7 <u>Jesus, Lam gelei ter slagting</u>



2. Koning tot 'n spot geteken
met 'n riet en doringkroon;
by die moordenaars gereken
met veragting, smaad en hoon,
sodat óns mag vryspraak vra
en die kroon van eer kan dra.
Duisend, duisend maal, o Heer,
bring ons daarvoor dank en eer!

Die Liedboek van die Kerk: Lied 380

Besluit: Goedgekeur.

2.2.8 <u>Die Heer, die Heer het opgestaan!</u>



2. Die Heer, die Heer het opgestaan!
Die Heer het wáárlik opgestaan!
Vir sondaars het die Heer gesterf,
die lewe deur sy dood verwerf.
Hy het oorwin die dood, die hel.
Ons kan dit wêreldwyd vertel!

3. Die Heer, die Heer het opgestaan!
Die Heer het wáárlik opgestaan!
Aan Hom die lof, die roem en eer,
Hy laat ons mét Hom triomfeer.
Laat ons, o Here, deur u Gees,
afhanlik en oorwinnaars wees.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 422

Besluit: Goedgekeur.

2.2.9 Here, hoe blymoedig



2. Ook in sterwensmarte
weet ons in ons harte:
Ons Verlosser leef!
En die liggaam, sterflik,
sal U onverderflik
eenmaal laat herleef.
Laaste vyand, aardse dood,
hoe ons soms vir jou ook bewe –
Christus is ons lewe!

3. Heer, U gee u lewe,
so word ons vergewe
en verlos van dood.
In U groot ontferming
gee U ons beskerming –
Redder uit die nood!
Ons sal, tot u eer, o Heer,
in u heil met blydskap lewe –
aan U oorgegewe.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 525

Besluit: Goedgekeur.

2.2.10 Skenk ons, Here, u beskerming



2. Bring ons, Here, tot bekering
deur u lering,
gee ons insig deur u Gees.
Maak ons harte oop, o Vader,
trek ons nader.
Laat u Woord ons lewe wees.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 151

Besluit: Goedgekeur.

2.2.11 Lofsing die Here



2. Lofsing die Here wat kunstig u liggaam berei het,
Hy is die sterke wat altyd nog by u gebly het;
wat in gevaar, hoe groot, hoe dreigend, hoe swaar,
oor u sy vleuels gesprei het!

3. Lofsing die Here, dis Hy wat u kroon met sy seën!
Hy skenk die lewe, die wasdom, die sonlig, die reën!
O sterfling, weet: Hy wat Almagtige heet,
het ons in liefde bejeën.

4. Lofsing die Here, ja, almal kom loof nou die Here!
Alles wat asem het, hier tot in tydlose sfere!
Hy is die Lig; ons oog bly op Hom gerig:
Hy is die Heer van die here!

Die Liedboek van die Kerk: Lied 184

Besluit: Goedgekeur.

2.2.12 <u>Troue Here van my lewe</u>

2. U die kenner van ons harte,
sien my skuld en ken my nood.
Ek treur, vol berou en smarte,
want my sonde bring die dood.
Ja, U sien my hart se wonde,
sien my ly oor al my sonde,
Christus laat my voor U staan,
deur sy bloed neem U my aan.

3. Deur u Seun skenk U genade,
in geloof neem ek Hom aan.
Hy verlos my van die kwade;
Hy sal altyd met my gaan.
Al is ek in skuld gebore,
is ek in Hom uitverkore
voor u Woord in skeppingsmag
nag geskei het van die dag.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 241

Besluit: Goedgekeur.

2.2.13 Die Heiland is gebore



2. Die Heiland is gebore –
ons is nie meer verlore!
Hy, die Vredekoning,
versoen ons sondeskuld by God
en deur sy gunsbetoning
word liefde ook ons groot gebod.
Hy is God met ons –
Hy, Immanuel.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 335

Besluit: Goedgekeur.

2.2.14 My enigste troos



2. Die doop is die seël dat die Heilige Gees
my 'n kind van God, die Vader laat wees.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei;
deur sy liefde bewaar Hy my.
Ek behoort aan die Here.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei;
deur sy liefde bewaar Hy my.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 292

Besluit: Goedgekeur.

2.2.15 Jesus, dit wat U moes ly



2. Aan die kruis het U geroep
in u sterwenslyding,
en dié roep: "Dit is volbring!"
is die blye tyding.
U was vir 'n sondaar borg,
wat langs U gesterf het
neem my in u liefdesorg;
dink aan my ook, Here.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 386

Besluit: Goedgekeur.

2.2.16 Heilige Jesus



2. Mooi is die aarde, dit het groot waarde,
maar is gering voor u grootheid, Heer.
U is ons lewe, U is ons vrede.
U Gees moet ons hier lei en leer.

3. U is die Alfa, en die Omega.
U kom en elkeen sal U kan sien.
U is die Eerste. U is die Laaste.
Die ganse skepping sal U dien.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 168

Besluit: Goedgekeur.

2.2.17 Loof Christus, roem sy wonderdade



2. Hy is ons Voorspraak by die Vader;
deur Hom tree ons vrymoedig nader.
Hoe groot ons sondeskuld ook is,
volkome word dit uitgewis.
Wie soek, sal vind; wie klop in hoop,
vind so die poort na God toe oop.

3. Hy hoor die dank- en smeekgebede
van ons, sy swakke aardse lede.
Hy toon aan ons sy trou en mag –
sy las is lig, sy juk is sag.
Het ons nie raad nie, weet ons dít:
Hy is by ons, Hy leer ons bid.

4. Loof Christus, roem sy wonderdade –
hoe groot sy liefde en genade!
Hy heers omhoog en wêreldwyd.
Hy vestig hier sy koninkryk –
ontelbaar hul wat op kan staan,
vrymoedig na die Vader gaan.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 428

Besluit: Goedgekeur.

2.2.18 <u>O God van hoop, gee ons u vrede</u>



2. Ons het 'n hoop wat oor die einde,
oor sterwensuur en graf heen reik.
Dis onaantasbaar vas en seker
as alle aardse dinge wyk.
Ons het 'n toekoms saam met Christus –
die einde is maar die begin.
Die dood is oorgang tot die lewe –
ons woon by God vir ewig in.

3. Nooit kan geloof te veel verwag nie,
want God bly aan sy Woord getrou.
Geen grense is daar aan sy mag nie,
Hy sal al sy beloftes hou.
Die hoop op Hom vervul ons lewe,
laat ons die koninkryk verwag,
totdat die volheid van sy vrede
nuut deurbreek op die laaste dag.

Die Liedboek van die Kerk: Lied 588

Besluit: Goedgekeur.

2.3 Die Sinode die goeie trou en harde werk van die Deputate aanvaar, in die lig van die feit dat die Deputate verteenwoordigend was en die nodige kundiges ingesluit het.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 Die Sinode benoem Deputate met die volgende opdrag: Om Psalms, Skrifberymings en ander geestelike liedere wat deur kerke en lidmate aan die Deputate voorgelê word sowel as die liedere wat reeds aan die Deputate voorgelê is maar nie afgehandel kon word nie (kyk 1.3 en 1.6 hierbo), aan die hand van die omvattende beginselraamwerk te beoordeel.

2.5 Ten minste een dogmatikus en een letterkundige op die Deputate benoem sal word.

Besluit: Goedgekeur.

F. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 *Uitvoering*

Die Kommissie het insette ontvang en ’n afgevaardigde te woord gestaan. Insette was deeglik begrond. Alles het gegaan oor die reëls in Lied 353 waaroor vrae ontstaan het in die lig van die geboorte van van Jesus wat besing word en veral die profesie van Immanuel (Jes 7:14 en 8:8).

Drie reëls uit die lied het aan die orde gekom:

a) Vers 1: “...in die stad van Dawid <u>word</u> Hy Immanuel”
b) Vers 3: “ ... <u>word</u> nou sy eiendom”
c) Vers 2: “...<u>word</u> Hy ons Verlosser, ...”

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Beredenering*

In die bespreking van al drie gedeeltes het dit duidelik geword dat daar twee teenoorstaande standpunte heers oor die tersaaklike eksegese by elke gedeelte. Hieronder druk a) en b) onderskeidelik elke keer kortliks die teenoorstaande standpunte uit:

1.2.1 <u>Vers 1</u>: “ ...word Hy Immanuel”

a) Jes 7:14 en 8:8 se Messiaanse strekking is profeties. Christus is van ewigheid af Seun, maar in die vervulling van die profesie met sy menswording, word Hy God met ons. Ons bely in NGB, art 18 die Naam “Immanuel” as deel van die menswording van Christus. Die “word” dui op die heilshistoriese voortgang en verwerkliking van dit wat beloof is. Dit is ook in lyn met beredenerings oor Messiaanse gedeeltes in antwoord op Beswaarskrifte in Nasionale Sinodes 1991 en 2003.

Daarteenoor:

b) Die Immanuel-profesie dui op die koms van die Seun van God. Dit is die Seun, Self God, ewig soos die Vader en die Gees, wat Homself verneder en ons natuur aanneem. Sy koms in sy vernedering is nie sy begin of die begin van sy werk nie. Die Seun is ewig, alomteenwoordig. Hy is God met ons. Hy is ook nou Immanuel, alhoewel Hy na sy mensheid in die hemel is. Wanneer die Seun van God ons natuur aanneem, <u>word</u> Hy nie Immanuel nie. Hy <u>is</u> Immanuel wat na die aarde kom.

1.2.2 <u>Vers 3</u>: “ ...word nou sy eiendom”

a) Indien die reël gelees word in die konteks van die lied, dui die woord “nou” op die oomblik van Jesus, die Verlosser, se geboorte. Met sy geboorte word die bedeling waarin Christus ons tot sy eiendom verlos, ’n werklikheid. Die “word” dui dus op wat in Christus verwerklik word van God se raadsbesluit: Ons word sy eiendom soos wat Hy beskik het. Dit is heel anders as wanneer die woord “nou” sou dui op die oomblik waarop jy tot geloof kom. Dán sou die stelling inderdaad Remonstrants wees.

Daarteenoor:

b) Die eiendom van Jesus is die wat die Vader Hom gegee het (Joh 17:2, 6, 9, 10). Hy verlos sy eiendom tot lof van sy heerlikheid (Ef 1:14). Die eiendom is dié wat in Hom uitverkies is voor die grondlegging van die wêreld. Deur die geloof kry hulle deel in Christus. Die versreël stel die geloof as die vereiste om die eiendom te wees: "Wie glo word nou sy eiendom", nou – omdat hulle glo. Die geloof is 'n gawe aan sy uitverkorenes.

1.2.3 Vers 2: " ...word Hy ons Verlosser, ..."

a) Ook in hierdie geval word die stygende openbaringshistoriese lyn uitgedruk sodat ons die wonderbare ontvouing van God se heilsplan kan besing. Dit kom bv ook in Heb 5:9-10 voor: "En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword en is Hy deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek.

Daarteenoor:

b) Word Hy ons Verlosser? Hy is ons Verlosser volgens die ewige raad van God. Hy openbaar Hom in die tyd as ons Middelaar, maar Hy is ons Middelaar wat kom.

Besluit: Kennis geneem van 1.2 tot 1.2.3.

1.3 *Bevinding*

1.3.1 Die teenoorstaande standpunte kan verwarring skep. Dan is dit 'n veiliger weg om die lied nie goed te keur nie.

1.3.2 Indien die betrokke gedeeltes verkeerd geïnterpreteer word, skep dit die indruk van dwaalleer.

Besluit: Kennis geneem van 1.3.1 en 1.3.2.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 *Aanbeveling*

In die lig van 1.3 keur die Sinode Lied 353 af.

Besluit: Afgekeur. Lied 353 word goedgekeur.